

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 50: Ki Tavo (כי תבוא) Wanneer jy binnegaan

Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהודה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly..... Deut. 26:1 – PWL¹

Torah : Deut. 26:1 tot 29:8

- ❖ **Teshuvah – Selfondersoek En Terugkeer**
- ❖ **Deut. 26:1** – Ons Erfenis.
- ❖ **Deut. 26:1 tot 11** – Eerstelinge Van Al Die Vrugte.
- ❖ **Deut. 29: 4** – 'n Hart Om Te Verstaan.

Haftarah: Jes. 60:1 tot 22 – Jerusalem Word Weer Verheerlik En Ryk Gemaak

Hernieuwe Verbond: Luk. 6:38; Luk. 21:1 tot 4; 2 Kor. 9:1 tot 15; 1 Tim. 5:17 en 18; Matt. 5:17 tot 19; Joh. 14:15; Rom. 3:31; Rom. 7:12 en 14; 1 Joh. 2:3 tot 6; Open. 12:17; Open. 14:12; Open. 22:14; Matt. 5:16; Joh. 17:11 en 14; Fil. 2:15; Titus 2:14; 1 Pet. 2:9 en 12; Rom. 1:18; 2:6 tot 11; 2 Kor. 5:10; Open. 20:11 tot 15; Open. 22:11 tot 15.

The devil's not fighting churches today; he's joining churches – Vance Havner.

The church isn't only asleep; the church is snoring and drooling on its pillow while claiming prophetic dreams of prosperity – Unknown.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

There is no better exercise for your heart than reaching down and helping to lift someone up
– Bernard Meltzer

Midrash (Torah Bespreking)

***Teshuvah* – Selfondersoek en Terugkeer**

Ons leef in die seisoen waar profesie oor eindtydgebure voor ons oë bewaarheid word. Die derde, en die laaste feesseisoen in YHVH se jaarlikse siklus van afspraak (Bestemde Tye) met sy kinders is heenwysings en afbeeldings wat deel uitmaak van hierdie eindtydgebure. Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges die profetiese betekenis van hierdie laaste afspraak van YHVH moet gedenk en verstaan, naamlik die Fees van Trompette (die Fees van Basuin, *Yom Teruah, Rosh HaShannah*), die Dag van Versoening (*Yom Kippur*), die Fees van Tabernakels (*Sukkot*) en die Agste Dag (*Shemini Atzeret*). Hierdie afspraak (feestye) word voorafgegaan deur 'n tydperk van selfondersoek, berou en verootmoediging bekend as *teshuvah* wat eindig op die Versoendag.

Daarom is ons met die lees van hierdie week se parashah steeds in die tyd van *teshuvah* – die veertig dae van selfondersoek. *Teshuvah* beteken *terugkeer*. Dit is om terug te keer na Torah, naamlik na YHVH se liefdevolle onderrig vir 'n lewe as geregverdigde in Yeshua Messias. Dit is om met berou en verootmoediging “terug te keer” nadat selfondersoek gedoen is van jou geestelike welstand en van jou verhouding met YHVH Yeshua en jou medemens.

Hoewel daar geen duidelike Skriftuurlike opdrag vir *Teshuvah* te vinde is nie, is dit 'n Joodse gebruik wat waarskynlik reeds in die tyd van Yeshua se eerste koms bestaan het. Omrede terugkeer met berou na die weë van die Vader ook sentraal staan vir elke gelowige van die hernieude verbond, word *Teshuvah* as deel van die gelowige in Yeshua se Hebreeuse erflating gesien. Hierdie gebruik word ook gevolg omrede daar genoegsame getuigenis is wat daarop dui dat Yeshua se doop en sy veertig dae in die woestyn alles gedurende die tyd wat later as *Teshuvah* bekend geword het, plaasgevind het.

Die hart van hierdie week se parashah gaan oor die keuse wat elke mens het, naamlik: Gaan ek met 'n liefdevolle en dankbare hart gehoorsaam wees aan YHVH se Vaderlike onderrig, Sy Torah, of gaan ek myself regverdig en volgens my eie geestelike en morele standaard leef? Begeer ek om terug te keer tot Torah-gehoorsaamheid in Yeshua my Messias wat deur Sy folterdood vergifnis vir my oortreding van YHVH se Torah bewerkstellig het?

Laat ons gebed met die lees van hierdie week se parashah ook wees:

Gee my 'n hart om te verstaan, en oë om te sien, en ore om te hoor!
Laat my toe om te eet van U Torah en dat dit in my mond sal wees soos heuning so soet.

Mag die woorde van die profeet Esegïel ook in hierdie dae tot ons elkeen spreek:

Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet. En Hy het vir my gesê: Mensekind, kom, gaan na die huis van Israel, en spreek hulle aan met my woorde; want jy is nie gestuur na 'n volk wat duister van spraak en swaar van tong is nie, maar na die huis van Israel; nie na baie volke wat duister van spraak en swaar van tong is nie, wie se woorde jy nie kan verstaan nie; as Ek jou tog na hulle gestuur het, het hulle na jou geluister! Maar die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie, omdat hulle na My nie wil luister nie; want die hele huis van Israel het 'n harde voorhoof en 'n ongevoelige hart. Kyk, Ek maak jou aangesig hard net

soos hulle aangesig en jou voorhoof hard net soos hulle voorhoof. Jou voorhoof maak Ek hard soos 'n diamant, harder as 'n rots; jy mag nie vir hulle bevrees of vir hulle verskrik wees nie, omdat hulle 'n wederstrewige huis is. Eseg. 3:3 tot 9

Bepeins of Bespreek:

1. Is jy die persoon wat YHVH beplan het jy moet wees, of het jy weg beweeg van Sy doel vir jou. Leef jy in gehoorsaamheid aan Torah weens jou liefde vir YHVH en nie net uit vrees of omrede jy geseën wil word nie? Is jy in gedagtes, woorde en daade gelykvormig aan Yeshua die Lewende Torah – die Woord wat vlees geword het (Joh.1:1 en 2)?

Deut. 26:1 – Ons Erfenis

Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהודה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly...Deut. 26:1 – PWL.

YHVH het Israel belowe dat indien hulle Torah ywerig en nougeset onderhou, dan sal hulle die Beloofde Land, volgens die belofte aan Abraham, Isak en Jakob, in besit neem terwyl YHVH al hulle vyande voor hulle sal verjaag. Die Beloofde Land, Kanaän, is Israel se erfenis volgens die verbond met Abraham en sy nageslag.

Julle moet die gebooi van YHVH julle God en sy getuienisse en sy insettinge wat Hy jou beveel het, ywerig onderhou. En jy moet doen wat reg en goed is in die oë van YHVH, dat dit met jou goed kan gaan en jy kan inkom en in besit neem die goeie land wat YHVH aan jou vaders met 'n eed beloof het, terwyl Hy al jou vyande voor jou uit verjaag soos YHVH gespreek het. Deut. 6:17 tot 19

YHVH het aan Abraham en sy nageslag (Israel) die landstreek Kanaän beloof – 'n land wat oorloop van melk en heuning (Ex. 3:8 en 17). Die voorwaarde van die belofte was dat Israel in alle opsigte YHVH moet vertrou en aan Hom gehoorsaam moet wees. Indien hulle YHVH se Torah, naamlik Sy onderrig en instruksies nougeset en ywerig navolg, sal hulle die land in besit neem deurdat YHVH Israel se vyande voor hulle uit sou verjaag. Israel moes egter eers 'n woestynervaring ondergaan voordat hulle Kanaän in besit kon neem.

Vir ons onder die hernieuwe verbond belowe Vader YHVH ook 'n *beloofde land* – 'n lewe van oorfloed in Yeshua (Joh. 10:10). Dit is ons erfenis volgens die hernieuwe verbond en die testateur, Yeshua, het gesterwe sodat ons die beloftes in besit kan neem (Heb. 9:15 tot 17).

As gevolg hiervan is Hy Tussenganger van 'n nuwe verbond, want in Sy dood was Hy Verlossing vir die wat teen die eerste verbond oortree het sodat ons die belofte mag ontvang, die wat geroep is tot 'n ewige erfenis, want waar daar 'n testament is, wys dit die dood van hom wat dit opgestel het, want dit is slegs geldig vir 'n dooie, want solank die opsteller leef het dit geen gebruik nie (PWL)

Hierdie beloftes (erfenis) het egter ook voorwaardes wat dieselfde is as wat vir Israel van ouds gegeld het, naamlik: Gehoorsaamheid aan Torah en vertrou (geloof) om die beloftes in besit te neem.

Nou is die vraag: Beteken dit dat indien ons die voorwaardes nakom dat ons nooit probleme en beproewinge gaan ondervind nie? Nee, want soos Israel van ouds moet ons ook dikwels 'n 'wilderniservaring' ondergaan! So dikwels gaan die in besit neem van YHVH se beloftes gepaard met beproewinge. Hierdie beproewinge is 'toetse' wat ons moet slaag voordat ons die beloftes in besit kan neem.

Die wildernis is die plek waar die eie ek sterf en waar vertroue in YHVH gevorm word. Dit bring skeiding tussen die wat in die vlees lewe en die wat deur die krag van die Afgesonderde Gees lewe. Die beproewinge in die wildernis stroop elkeen van die eie ek en verander die wat YHVH met liefde in Torah-gehoorsaamheid wil dien om gelykvormig aan Yeshua te word (Rom. 8:29). Elkeen se ware karakter kom na vore tydens beproewinge en versoekinge en dit is die tyd wat jy jousef leer ken. Die wildernis is die plek waar Vader-God elkeen van Sy kinders toets (Ps. 7:10 en 11:5). Hy ken die uitslag, maar elkeen moet dit self ontdek.

Die smeltkroes is vir die silwer en die oond vir die goud, maar YHVH toets die harte. Spr. 17:3

Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is – ’n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Yeshua Messias. 1 Pet. 1:6 en 7.

Die wildernis is **nie** die plek waar YHVH my straf nie, maar die plek waar Hy my verander om geskik te wees om die Beloofde Land, naamlik die beloftes, in besit te neem. Tydens Israel se wildernistog het YHVH steeds in hulle behoeftes voorsien. YHVH het by wyse van Moses hulle uit Egipte gelei, maar moes egter eers Egipte uit hulle kry voor hulle Kanaän in besit kon neem. So dikwels is dieselfde op ons van toepassing. Ons beproewinge is ook die proses om ‘Egipte’ uit ons te kry – ‘n proses van selfondersoek en van verootmoediging (*teshuva*) waar elkeen van ons verander moet word na die beeld en gelykenis van YHVH en waar Vader-God Hom aan ons wil openbaar en wil leer om in die voetspore van Yeshua te stap.

In die wildernis het Israel nie al die seëninge en voorregte van die Beloofde Land gehad nie. YHVH was egter steeds in hulle midde in die Tabernakel teenwoordig. Daagliks het hulle manna uit die hemel ontvang. In die wildernis het YHVH op ‘n bonatuurlike wyse vir hulle gesorg. Wanneer ons in die woestyn van ons lewe is, is YHVH steeds in ons midde. Hy het ons nie verlaat nie en Hy sal op ‘n wonderbaarlike wyse vir ons sorg. Beproewings bring verandering wat ons gereed maak om die beloftes in besit te neem!

YHVH seën ons met die doel om ons meer gelykvormig aan Yeshua te maak. Die doel van Vader-God se seëninge is nie dat ons maar net met ons lewe kan aangaan soos voorheen nie. Nee! YHVH se seëninge moet ‘n innerlike verandering teweegbring wat uiterlik sigbaar moet word. Dit moet ‘n tree wees op die pad na volmaaktheid en heiligheid – ‘n tree nader aan Vader-God!

Wanneer ons probleme en beproewinge ondervind moet ons wel onself voor YHVH verootmoedig en ondersoek om seker te maak dat ons Hom in liefdevolle Torah-gehoorsaamheid met vreugde dien (Deut. 28:47 en 48). In hierdie proses moet ons ook die volgende onthou:

- Geregtigheid en heiligheid het geen perk nie. Ek kan nie te gehoorsaam, te getrou, te ywerig, te gelowig, te liefdevol of te nederig wees nie. Ek moet wel balans handhaaf en my prioriteite reg hou.
- Gedeeltelike gehoorsaamheid en gemengde lojaliteit is nie totale oorgawe nie. Slegs totale gehoorsaamheid en totale lojaliteit is totale oorgawe. Totale oorgawe vereis die sterwe van die eie ek – my wil, my belange en my siening moet plek maak vir dié van

YHVH. Alleen dan kan Vader-God my verander om meer gelykvormig aan Yeshua te wees.

- Die bron van my vreugde moet altyd my verhouding met Vader-God wees en nie die vervulling van my eie begeertes nie. Die vervulling van my begeertes moet die resultaat wees van my verhouding met YHVH en nie die resultaat van my eie vermoëns nie. Die bron van my vermoëns moet wel YHVH wees (Deut. 8:18).
- Vader-God se prioriteit is my verhouding met Hom. Daarom moet ek eerstens YHVH se Koninkryk en Sy geregtigheid soek, dan sal al die ander dinge waarvoor ek vra, bygevoeg word (Matt. 6:33).
- In my verhouding met Vader-God gaan daar altyd dinge in my lewe wees wat teenstrydig met my vlees sal wees. Die Woord van God (Torah) gee die vlees dikwels aanstoot, want die vlees wil dit nie hoor nie. My vlees moet egter onderdanig wees aan my siel en my siel moet onderdanig wees aan my gees en my gees moet onderdanig wees aan YHVH en Sy Torah, want dit is God se volgorde en wil vir elkeen. Dit is veral wanneer dit die vlees pas, omrede hy daarvan hou, dat die vlees nie wil hoor wat Torah sê nie, of dat die vlees homself wil regverdig.

Die intensiteit en vlak van my verhouding met Vader-God word deur myself bepaal. YHVH is bereid om so vêr met die verhouding te gaan as wat ek bereid is om te gaan. Die besluit berus by my!!

Die vraag is die volgende: Is ek bereid om Vader-God selfs in my wilderniservarings te volg? Is ek bereid om myself te verootmoedig en YHVH se aangesig te soek met die doel dat Hy my eers verander sodat ek gereed kan wees om die beloftes, my erfenis, in besit te neem?

Kan jy en ek soos Habakuk ook in alle omstandighede van voorspoed en teenspoed sê:

Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom faal en die lande geen kos produseer nie; die kleinvee uit die kraal afgesny word en daar geen beeste in die krale sal wees nie, nogtans sal ek jubel in יהוה, ek sal in die rondte swaai van vreugde in die God van my verlossing. יהוה-God is my Sterkte en Hy het my voete gemaak soos dié van herte en my laat staan op my hoë plekke om met snaarinstrumente Sy lof te besing. Hab. 3:17 tot 19 – PWL.

Bepeins of Bespreek

1. Vader-God se doel en wil vir ons is om Sy beloftes in besit te neem. Onthou egter dat dit beter is om in die wildernis saam met YHVH te bly as in die land Kanaän sonder Hom. Indien ons YHVH se beloftes in besit wil neem, moet ons seker maak dat Hy saam met ons gaan en seker maak dat ons nie dit alleen op ons voorwaardes probeer doen nie.
2. Ons is so geneig om alle beproewinge as die wil van YHVH te beskou of satan die skuld te gee vir alles. Moet ons nie in tye van beproewinge begin by selfondersoek nie? Is die beproewinge wat oor ons pad kom, soos siekte, hartseer, teenspoed, ensovoorts, nie dikwels ons eie skuld nie?
3. *We make a living by what we get, but we make a life by what we give.* Is dit nie beter om te gee as om te ontvang nie? *Success is getting what you want. Happiness is liking what you get* – H Jackson Brown.

Deut. 26:1 tot 11 – Eerstelinge van al die Vrugte

Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהודה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly, dat jy van die eerstelinge van al die vrugte van die grond wat jy inbring uit jou land wat יהודה, jou God, jou gee, moet vat en dit in 'n mandjie sit en jy moet gaan na die plek wat יהודה, jou God, sal kies om Sy Naam daar te vestig. Deut. 26:1 en 2 – PWL.

Volgens YHVH se onderrig en instruksies het ons geleer dat die eerste van die garsoes tydens Pesag met die Fees van die Eerstelinge gebring moet word (Lev. 23:10). Tydens hierdie fees moet Israel uit dankbaarheid vir die garsoes 'n gerf van die eerste van die oes as beweegoffer voor die aangesig van YHVH bring, maar ook om die Almagtige se seën op die res van die landboujaar te vra (Lev. 23:11 en 12). Ons het ook geleer dat die eerste van die koringoes tydens *Shavuot* as 'n vrywillige offer gebring moet word (Ex. 34:22 en Deut. 16:10).

In hierdie week se parashah leer Moses die volk dat wanneer hulle in die Beloofde Land kom en daar woon, om die eerstelinge (*bukkurim*; *first fruits*) van al die vrugte van die land in 'n mandjie te sit en te neem na die plek wat YHVH sal kies om Sy Naam daar te vestig. Maar wat is die eerstelinge van die vrugte? Letterlik is dit van die eerste van die vrugte-oes wat rypgeword het. Indien ons egter wyer as net die *p'shat*-vlak van die Torah kyk, sal ons ander geheimenisse ook ontdek.

Eerstens herinner hierdie *mitzvah* ons aan die eerste vrugte van kennis wat die mens in die tuin van Eden sonder 'toestemming' geneem het en wat tot gevolg gehad het dat die mens uit Eden weggestuur was en op 'n eeue-oue 'swerftog' begin het wat eendag sal eindig wanneer YHVH weer alles herstel het tot soos wat dit aan die begin was. Om dus van die eerstelinge van die vrugte te bring is as te ware om die vrugte wat die mens sonder toestemming in Eden geneem het aan YHVH terug te besorg en te sê: *Ek verklaar vandag aan YHVH my God dat ek in die land gekom het.....* (Deut. 26:3) en *my vader was 'n swerwende Arameër en het na Egipte afgetrek en daar as vreemdeling vertoef..... Maar die Egiptenaars het ons mishandel en ons verdruk en 'n harde diens op ons gelê.* (Deut. 26:5 en 6). *Toe het ons YHVH aangeroep en Hy het ons stem gehoor.... en ons na hierdie land gebring....* (Deut. 26:7 tot 9). Hierdie kort geskiedkundige oorsig is 'n skuldbelydenis wat ons namens *Adam harishon* – die eerste mens – maak, want hy het nie sy sondeskuld erken nie. Adam het gaan wegkruip (Gen. 3:8) en die blaam vir sy eie oortreding op YHVH probeer plaas deur te sê: *Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet* (Gen. 3:14).

Omrede ons deel van *Adam harishon* is, en ons nie dieselfde fout as Adam wil maak nie, gee ons ook met skuldbelydenis aan YHVH van die vrugte terug wat ons onwettig van geëet het. Die tweede Adam, Yeshua Messias, het vir ons die weg voorberei (1 Kor. 15:45). Met die werklikheid van sonde vergifnis in Yeshua kan ons nou weer eet van die die Boom van Lewe.

Tweedens is die Beloofde Land 'n sinnebeeld van YHVH se beloftes wat ons deur gehoorsaamheid aan Torah ontvang. Deuteronomium 26 skilder dus vir ons 'n prentjie van 'n vrolike en dankbare offerande wat ons bring wanneer ons YHVH se beloftes in besit geneem het (ontvang het). Dit verskil van die onderrig en instruksies van die offerandes (*korban*) van die tabernakel (tempel) in die opsig dat die eerstelinge van al die vrugte word gebring in volle erkenning, en belydenis, van dit wat YHVH vir ons gedoen het (Deut. 26:5 tot 9) en om op die wyse uit dankbaarheid in die teenwoordigheid van YHVH vrolik te wees.

Nou, let op, ek het die eersteling van die vrugte van die land wat U, יהוה, my gegee het, gebring. Dan moet jy dit neersit voor יהוה, jou God en jou neerbuig voor יהוה, jou God en jy, die Leviet en die vreemdeling wat tussen jou is, moet julle verheug oor al die goeie wat יהוה, jou God, jou en jou huis gegee het. Deut. 16:10 en 11 – PWL

Hierdie eersteling van die vrugte is dus uit erkenning dat elke goeie en volmaakte gawe komend van Vader-God is (Jak. 1:17). Dit is om te erken en te bely dat ons niks het om op te roem nie, behalwe om te roem op die goedheid van Vader-God (1 Kor. 4:7). Dit is om te roem op dit wat ons van YHVH ontvang het. Die eersteling van al die vrugte is ‘n offerande aan YHVH en in die opsig dien dit dieselfde doel as die tabernakel-offerandes, naamlik om nader aan YHVH te beweeg op die plek wat Hy sal kies om Sy Naam te vestig.

Die eersteling (*first fruits*) van al die seëninge wat ons ontvang behoort aan YHVH en Hy vra dat ons dit sal bring om in Sy teenwoordigheid vrolik te wees. Dit is om te verklaar dat ons vandag die beloftes ontvang het (in die land gekom het) wat YHVH (aan ons vaders) met ‘n eed belowe het om aan ons te gee (Deut. 26:3)

Verder is die eersteling van die vrugte – van die seën wat ons ontvang het – ‘n herinnering aan YHVH se woorde in Deut. 8:16 tot 18 (PWL):

wat jou in die wildernis met ‘man hu’, wat jou vaders nie geken het nie, gevoed het, om jou nederig te maak en jou te toets, om jou ten einde goed te doen en jy in jou verstand, wil en emosie dink: ‘My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verkry,’ nie. Onthou יהוה, jou God, egter, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verkry sodat Hy Sy verbond kan bevestig, wat Hy aan jou vaders met ‘n eed beloof het, soos dit vandag is.

Vir die landbouer is die eerste van die oes die mees gesogde deel wat hy begeer om self te geniet (Miga 7:1). Om dus die eersteling (*first fruits*) van al die vrugte aan YHVH te offer is om YHVH eers te vereer alvorens eie begeertes bevredig word en om die beste vir YHVH te gee omrede Hy die eerste en beste in ons lewens is.

Bepeins of Bespreek

1. Sou Adam uit die tuin van Eden weggestuur gewees het indien hy sy sondeskuld sou erken en bely het?
2. Adam en Eva het tussen die bome in die tuin van Eden weggekrui (Gen. 3:8). ‘n Boom was Adam se struikeling en hy het bome gebruik om homself vir die aangesig van YHVH te verberg. Is dit nie die rede waarom geen boom langs die altaar van YHVH geplant mag gewees het nie (Deut. 16:21)? *No more shall man be able to hide from God! Nor will God allow the presence of a tree on this spot to remind man of his crime and cause him shame!* (Temple Institute, *Ki Tavo*, 2012).
3. YHVH wil hê dat ons die eersteling (beste) van ons seëninge na die plek moet bring wat Hy sal uitkies om Sy Naam daar te laat woon. Waar is hierdie plek? Is dit my tempel (liggaam)? Is dit my woonplek of werkplek? Is dit my tyd? Is die plek waar YHVH Sy Naam wil laat woon my welvaart en my welsyn?
4. Sal ‘n plek (‘n kerk; denominasie) wat verkondig dat gelowiges vry van YHVH se Torah (die wet) is, en waar hulle gelowiges wat Torah-gehoorsaam lewe se lidmaatskap beëindig,

die plek wees wat YHVH sal kies om Sy Naam te vestig en waarheen die eerste van jou oes en tiende moet neem?

Deut. 29: 4 – ‘n Hart om te verstaan

Moshe het die hele Yisra'el geroep en vir hulle gesê: “Julle het alles gesien wat יהוה in Egipteland voor julle oë aan Farao, aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het, die groot toetse wat jou oë gesien het, daardie groot tekens en wonders. Tog, tot vandag toe, het יהוה julle nie ‘n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, of oë om te sien, of ore om te hoor nie. Deut 29:2 tot 4 – PWL.

Moses weeklaag oor die feit dat Israel steeds nie die begrip, wil en emosie het om YHVH se liefde en goedertierenheid te verstaan nie, asook nie die oë het om dit te sien of die ore om dit te hoor nie. Met hierdie woorde het Moses nie net na die verlede verwys nie, maar ook profeties gespreek wat in die toekoms met Israel sal gebeur.

Moses het oor hierdie geestelike toestand van Israel geweeklaag omdat hy geweet het dat sy volksgenote ‘n ‘hartprobleem’ het wat alleenlik deur Yeshua self opgelos kon word. Esegïel spreek hiervan toe hy geprofeteer het:

En Ek sal hulle een hart gee, en ‘n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle ‘n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my ‘n volk wees, en Ek sal vir hulle ‘n God wees. Eseg. 11:19 en 20.

Sonder ‘n nuwe hart kan Israel nie Torah-gehoorsaam lewe nie, want ‘n hart van klip kan nie besny word nie. Daarom het Yeshua gekom sodat die hart van klip uit elkeen wat glo verwyder kan word en met ‘n hart van vlees vervang word wat besny kan word. Dit is ook waarna die profeet Jeremia verwys het:

Kyk, daar kom dae, spreek YHVH, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieders oor hulle was, spreek YHVH. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek YHVH: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken YHVH; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek YHVH; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie. Jer. 31:30 tot 34

Onder die hernieuwe verbond het YHVH vir ons ‘n hart gegee om te verstaan, oë om te sien en ore om te hoor. YHVH se wet is nou in ons verstand gegee en op die tafels van ons harte geskryf (Heb. 8:8 tot 12). Ons het ook die Afgesonderde Gees op ‘n besondere wyse ontvang sodat ons voortdurend geleer en herinner kan word aan alles wat Yeshua gespreek het, naamlik wat in Torah opgeskryf is. Nou kan ons, anders as Israel van ouds, in Torah-gehoorsaamheid lewe. Yeshua Messias het dit alles moontlik gemaak!

Die werking van die Afgesonderde Gees is as te ware tweeledig. Nie alleen word ons gees deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua wedergebore nie, maar word die Afgesonderde Gees ook as ‘permanente inwoner’ in ons binneste gegee om die krag tot

Torah-gehoorsaamheid te wees. Die Gees van YHVH besny ons harte om YHVH te kan liefhê met ons hele hart en siel sodat ons kan lewe (Deut. 30:6).

Bepeins of Bespreek

1. Deur wedergeboorte het ek 'n nuwe gees ontvang wat die werk van YHVH in my is. Die Afgesonderde Gees wat YHVH aan my gee, is YHVH self wat nou in my woon en werk. Nou het ek die wil, ywer en vermoë om Torah-gehoorsaam te lewe. Dit is 'n innerlike verandering – 'n vernuwing van die gemoed – wat uiterlike sigbaar word deur die werke van gehoorsaamheid. Hierdie was die belofte van die ou verbond wat ons in die hernieude verbond deur geloof in besit kan neem.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jes. 60:1 tot 22: Jerusalem Word Weer Verheerlik En Ryk Gemaak

“Staan op, skyn, want jou lig het gekom en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het oor jou opgekom, want let op, duisternis sal die aarde oordek en 'n diepe donkerheid die volke, maar יהוה sal oor jôu opkom en Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid sal oor jou verskyn. Jes. 60:1 en 2 – PWL.

Hierdie is die voorlaaste *Haftorah* tussen *Tisha B'Av* (9 van die maand Av) en *Yom Teruah* (Fees van Basuin, *Rosh Hashanah*) – die sewe week tydperk wanneer *Haftorot* van vertroosting gelees word. Dit is profetiese woorde van vertroosting oor veral die tempel in Jerusalem wat vernietig is en oor die ballingskap van Israel.

Al sewe *Haftorot* dien egter as 'n 'brug' tussen die geween van *Tisha B'Av* en die vreugde van 'n nuwe begin op *Rosh Hashanah (Yom Teruah)*. As Torah-gehoorsame gelowiges in Yeshua Messias kan ons hiermee identifiseer, want ons weet dat die hartseer en beproewinge van eindtydgebeure sal eindig in die vreugde van die wederkoms van Messias.

Hierdie week se *Haftorah* beskryf hoe Jerusalem (Israel) weer verheerlik en ryk gemaak sal word. Dit beskryf hoe Israel uit die stof (Jes. 47:1) sal opstaan en tot sy volle heerlijkheid herstel sal word. Daarom dien dit as 'n 'teenmiddel' vir die uitvoerige vloeke wat in Deut. 28:15 tot 68 beskryf word. Vir Israel, en ons is deel van Israel, wat hierdie vloeke sien deel word het van die geskiedenis van ons voorvaders, is die profetiese woorde van Jesaja vertroosting en vreugdevolle hoop!

In hierdie gedeelte fokus Jesaja op die lig wat na die duisternis sal kom. Daarom begin hy in vers 1 en 2 met die woorde: *Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van YHVH gaan oor jou op.... maar oor jôu sal YHVH opgaan, en sy heerlijkheid sal oor jou gesien word.*

Die woorde van vers 1, en ander gedeeltes van Jes. 60:1 tot 22 is deel van die lied, bekend as *Leklah Dodi* (Kom my Geliefde) wat met die aanvang van Shabbat gesing word. Volgens Judaïsme word Shabbat met 'n bruid vergelyk en daarom as die geliefde van Israel. Die inhoud van hierdie lied het te doen met die herstel van Israel en die (weder)koms van Messias.

Vir ons wat deur vertrouwe in Yeshua as Messias en Torah-gehoorsaamheid YHVH as God en Vader ken, het ons Lig gekom en die heerlijkheid van YHVH oor ons opgegaan. Vir ons wat

in die skaduwee van die dood gesit het, vir ons het die lig opgegaan (Matt. 4:16). Ons is nou lig in YHVH en moet daarom wandel soos kinders van die lig (Ef. 5:8). Maar met die wederkoms, soos deur die laaste feesseisoen uitgebeeld word, sal die Lig van Yeshua in die harte van die hele Israel (albei huise) skyn. Dan sal Jerusalem weer verheerlik en ryk gemaak word. Elke Shabbat verkondig Judaïsme (onbewustelik?) hierdie profetiese waarheid!

By die berg Sinai het Israel die Lig van Torah ontvang. Hierdie Lig was Yeshua Messias, die Lewende Torah. Daarom het Israel in tye van ongehoorsaamheid inderwaarheid Yeshua Messias verwerp.

Jesaja herinner ons daaraan dat die hele Israel weer versamel sal word (Jes. 60:4), dat materiële rykdom deur die nasies na Israel gebring sal word en dat Jerusalem weer herbou sal word. Die poorte van Jerusalem sal dan nooit weer gesluit word nie (vers 11). Diegene wat Israel verag het sal *neerbuig by jou voetsole; en hulle sal jou noem: Stad van YHVH, Sion van die Heilige van Israel* (vers 14). Daar sal geen geweld in Israel meer wees nie (vers 18) en YHVH sal die lig van die son en die maan vervang (vers 19 en 20. Verwys ook Open. 21:23 en 22:5).

Bepeins of Bespreek:

1. Ons is die bruid van Yeshua. Is die uitstaande kenmerk van die bruid nie die feit dat sy die shabbat gedenk en dit afsonder (heilig) nie? Kan ons ons dan ook met Judaïsme vereenselwig wat sê dat Shabbat is die bruid – die geliefde van YHVH?
2. *Israel never kept the sabbath, but the sabbath kept Israel!* Het ons Torah-gehoorsaamheid nie ook begin met die onderhouding van Shabbat nie? Is dit nie ook ons behoud nie?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.